# 23 November - VAS

**Skrifgedeelte: Matteus 6:1-18**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:16-18**

In Jesus se Bergrede (Matt 5-7) gee Hy lewensreëls oor hoe burgers van sy koninkryk moet lewe. Die lewensreël van 6:1 is: 'n burger van God se koninkryk is nie skynheilig nie. Sy godsdienstige motiewe is suiwer. Vanuit die beginsel pas Jesus dit toe op drie praktiese sake, naamlik die gee van aalmoese, gebed en die onderhouding van die vastye. Dit is die drie groot pilare van die Joodse godsdiens.

Maar dié drie prysenswaardige dinge is veral deur die Fariseërs misbruik "om deur mense gesien te word". Die woord wat hier gebruik word, beteken letterlik om toneel te speel.

Ook wat die vas betref, het die Fariseërs 'n hele opvoering gegee. Volgens Levitikus 16:29 was dit nodig om net een dag per jaar te vas, naamlik op die groot versoendag. Die Fariseërs het egter twee maal per week gevas. Hulle het boonop die twee markdae, Maandae en Donderdae, gekies wanneer daar baie mense op straat was. Dan het die Fariseërs daar rondgeloop met hulle lang gesigte en deurmekaar hare met as daarop. Hulle klere was vuil en vol stof. Hulle het hulle gesigte wit gemaak, sodat hulle baie bleek kon lyk.

Al die verbygangers moes sien – hier is 'n baie goeie man, kyk hoe vas hy!

Maar Jesus ruk die masker van skynheiligheid af. Hulle het hulle beloning, dit is die bewondering van mense, klaar weg. Maar hulle beïndruk nie die Here nie. Hy kyk verby die dik laag godsdienstige grimering en die toneelspel. Hy sien die mens se hart. Hy wil opregtheid sien in ons godsdiens en nie toneelspel nie. Hy soek 'n hart vol toewyding.

Wanneer jy met 'n opregte hart jou toewy aan God en sy koninkryk, is die loon soveel groter. Dit is God se genadeloon wat Christus vir ons verdien het, die ewige lewe.

*Sing: Psalm 119:1, 4 (1936-beryming)* *Ds AL Pelser (Bethlehem)*